

# Die slang & YAHUSHUA

Die slang aan die paal en YAHUSHA

Voor ons kom by die verduideliking lees ons eers uit die Skrif die volgende: Num 21:6-9 Toe stuur ~~die HERE~~ YAH giftige slang onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel-Yashar'EL het gesterwe. En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het ~~gesondig~~ oortree dat ons teen ~~die HERE~~ YAH en teen u gespreek het. Bid tot ~~die HERE~~ YAH, dat Hy die slang van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. Daarop sê ~~die HERE~~ YAH aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly.

Joh 3:14-21 En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want so lief het ~~God~~ VADER die wêreld gehad, dat Hy SY eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want ~~God~~ VADER het SY Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van ~~God~~ VADER nie. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in ~~God~~ VADER gedoen is.

Eerstens kan ons die paal vat wat die verhoging van die oortreder in aanskouing bring. Die verhoging bring natuurlik ook die dood na vore. Die paal wat hulle gebruik het in die outyd is 'n folterpaal genoem. Waaroor die foltering gegaan het is vleeslike en geestelike marteling dat die een wat verhoog word sal in die openbaar daardie marteling ontvang. Hulle het hom aan die paal vasgemaak en geysel tot die oortreder naby aan sy dood is (eers met toue en later met spykers). Na die straf wat hy ontvang het moet hy nou sy eie paal sleep na die punt waar hy sou hang (vasgeslaan word met spykers). Hy word dan kaal uitgetrek om sodoende verder verneder te word voor die oë van die publieke aanskouing. Gewoonlik bly die man hang tot die dood self intree waarvan die man se mense hom dan kan afhaal en begrawe.

Nou die vergelyking.

Die slang soos YAHUSHA het gehang aan 'n paal wat uitgewys het dat hulle die beskuldigdes was. Die slange het die mense gepik en die mense het hulle aangekla. *Die slang saad het die mense begiftig en het dié Seun van die mens aangekla.* Die slang is verhoog en die wat die slang aanskou het was gered. *Die Seun van die mens is verhoog en die wat Hom aanskou het was gered.*

Die volk in beide gevalle was(en is)met die dood besig en self op pad na die dood. Vol van gif was(en is)die volk en moes nou opkyk na hulle oortredinge. Nie dat die slang of YAHUSHA as figuur hulle redding is nie, maar dat oortredinge wat nou binne hulle ontketen het oor kan gaan in oortredings besef. Aan die slang(Ha satan)se kant was(is)dit die aardse gees en vleeslike hoerery en aan YAHUSHA se kant was(is) dit die hemelse gees en vleeslike hoerery. Die een wat gehang het aan die folterpaal was (is) mos die beskuldigde “hetsy die slang of YAHUSHA”.

Dus die boodskap is: aanskou die slang (Ha satan) wat jou oortredinge is en bekeer jou. Deur jou oortredinge is jy op pad om dood (ewige hel) te gaan, want jy is gepik(beïnvloed, gebreinspoel en bedrieg)deur die slang en dus vol van sy gif. Let op en kyk rondom jou en sien jou mede broer en suster lê en krul van die pyn. Hulle is almal op pad om te sterf en op pad na die ewige verderf. Daarom moes (moet ons) hulle opkyk na hulle oortredinge sodat lewe weer kan terugkeer. Die slang is en was die skuldige een, dus beskuldig hom en erken hom as jou ondergang. Ha satan is die een wat pik en dood maak en daarom tree YAH in as jy opkyk en besef dat Hy genees.

Ongelukkig kyk die wêreld onophoudelik na die slang, want hulle sê dat die slang redding bring. Hulle kyk op en sien hulle red-meester. Hulle plaas oral oor slange aan dooie pale wat redding simboliseer soos die medies, bloedbanke en selfs haarkappery. Dink aan die Kundalini slang waar die geboorte van die slang begin onder in jou stuitjie, waarvan hy dan in jou ruggraat op beweeg (*33 graad in die Vrymesselaars weet dat hulle eers 'n manlike ommegang moet hê om die slang wakker te maak*). Na die 33 ste grade is hulle die beligte manne, want dan is die slang in die kop. Die slang kom dan uit die voorkop ens. (*Egipties miete*). In Baal het Asjera die boom gebruik met die krullende slang om haar tot die lewe. So kan ek baie slang snert uithaal wat die wêreld aanbid.

Net in kort oor die boom of paal wat gebruik en misbruik word deur die Ha satans ondersteuners.

Die boom wat somtyds uitgewys word dat dit die mens ook kan wees behoort aan YAH. Die boom van lewe en die boom van kennis wat 'n skepping van YAH in die tuin van Eden was. Alles op aarde soos die bome het lewe binne in hulle. As jy die boom afkap stop die lewe en groei proses. Dus was die boom eers 'n toonbeeld van beskuttings en lewe, maar na afkapping die afwesigheid daarvan.

*In Jes. 44:14-17 staan: Een(die mens)gaan sederbome afkap, en hy neem 'n steeneik of 'n eikeboom en laat een vir hom opgroei onder die bome van die bos. Hy het 'n pynboom geplant, en die reën het dit grootgemaak. Dan dien dit die mens as brandhout, en hy neem daarvan en maak hom warm; ook steek hy dit aan die brand en bak brood; ook maak hy daar 'n god van en buig hom daarvoor neer; hy maak daar 'n gesnede beeld van en kniel daarvoor neer. Die helfte daarvan het hy in die vuur verbrand: by die een helfte eet hy vleis, hy maak braai vleis klaar en word versadig; ook maak hy hom warm en sê: Ha, ek het warm geword, ek het vuur gesien! En van wat oor is, maak hy 'n god, sy gesnede beeld; hy kniel daarvoor neer en buig hom en aanbid dit en sê: Red my, want u is my god!*

In 2 Kon. 18:4 lees ons van die 'heilige' boomstamme en die koperslang wat Moses gemaak het en dat die kinders van Yashar'EL tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehústan genoem.

Wat ek probeer deurgee is dat Ha satan gebruik YAH se bome, hetsy die mens of 'n regte boom tot sy voordeel. Met die foltering van YAHUSHA was YAHUSHA die lewe aan paal (*boomstomp*) en die slang die dood aan 'n paal. VADER het die "lossing"(Losser YAHUSHA) daar kom stel waar daar geen lossing moontlik was nie. Die wat na lossing gesoek het, het nou die geleentheid om die poort te gebruik na die ewige lewe. Hy wat in die Losser glo, word nie veroordeel nie; maar die wat nie glo nie is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van VADER nie. Ja hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in VADER gedoen is.

Kyk op na YAHUSHA aan die folterpaal en aanskou die oortredinge wat Hy daar dra vir jou om te kan lewe. Ja om uit die doods-greep van die slanggif te kom.

Bedink dit